

# Tien jaar later...

En ons is steeds onnosel.



**N MAART** was dit tien jaar gelede dat die IT-borrel gebars het nadat dit tot 'n belaglike hoogtepunt op die Nasdaq-indeks opgeblaas is deur die intense propaganda oor die internet en wat sedertdien as sake-intelligensie (SI) bekend geword het. Die piek van 5 132 punte was meer as dubbel die waarde van net 'n jaar tevore én die huidige vlak.

Dit blyk dat die gemiddelde individu niks meer van SI verstaan nie as sy spekulatiewe voorgangers van 'n dekade gelede, want vroeër vanjaar op die IT Web SI-konferensie by The Campus in Johannesburg het net 18% van die afgevaardigdes hul SI-toepassings as 'n sukses beskou.

Volgens Davide Hanan, besturende direkteur van QlikView SA, vergelyk dit swak met die reeds lae 30%-35% wat in internasionale opnames as die sukseskoers oorsee bevind is.

"Dit is baie swak begrip van tegnologie wat nou 21 jaar oud is," sê hy.

Hanan gee 'n analogie van sellulêre telekommunikasietegnologie, wat ná 20 jaar aan niemand verduidelik hoef te word nie – maar hy sê sy onderneming bestee baie van sy tyd om maatskappye se uitvoerende amptenare in te lig oor wat SI is. Hy sê SI is vir 'n maatskappy so belangrik soos suurstof vir die menslike liggaam – dit is eenvoudig die intelligente ontleding van maatskappydata.

Een uitdaging is die IT-bedryf self, wat bekend is vir sy voorliefde vir jargon en ondeursigtigheid.

Charl du Toit, 'n SI-oplossingsbestuurder van EOH Oracle Services, sê: "Soos die meeste IT-terme is daar talle definisies en menings oor wat SI is en nie is nie."

As die bedryf self nie eens kan saamstem oor wat iets is of nie is nie, wat dan van die

arme leek?

Akademici maak dit ook nie altyd makliker nie. Peter Tobin, 'n senior lektor in IT van die Universiteit van Pretoria se Gordon Institute of Business Science (Gibs), gee 'n bepaalde verduideliking: "In 'n breër definisie moet SI beskou word as dat dit mededingende intelligensie (MI) as 'n kernfunksie insluit. Maatskappye moet die dinamiek van 'n vinnig veranderende eksterne sakeomgewing net so goed of selfs beter verstaan as die ontleding van hul interne data oor die maatskappy se prestasie. Met 'n omvattende, geïntegreerde siening van sowel interne as eksterne faktore kan SI en MI saam maatskappye help om hul vermoë te verbeter om die regte besluite te neem en die regte stappe te doen in moeilike én goeie tye. Deur proaktief op te tree met die lees van opkomende tendense, sal markbewegings en mededingende optrede deurslaggewend bly vir die maatskappy se sukses, en SI-instrumente wat goed gebruik word, saam met MI-vermoëns, sal 'n beduidende deel van dié sukses moontlik maak."

Weer op tegniese gebied – Du Toit vereenvoudig dit soos volg: "Ek kan SI definieer as die inligting wat 'n maatskappy nodig het om strategiese en bedryfsbesluite te neem, en dié inligting moet op die regte tyd en in die regte vorm beskikbaar wees."

Ondanks die stryd om SI te verstaan en te aanvaar, is daar volgens almal in die bedryf die afgelope jaar geweldige vordering gemaak. Dit groei nie ondanks die resessie nie, maar as gevolg daarvan. SI-oplossings is die belangrikste vir sakesukses in moeilike of resessionêre tye, sê Hanan.

"Ons kry gemiddeld 14 nuwe kliënte per maand; die koers het gedurende die resessie dramaties gestyg."

James Matcher, assosiaatdirekteur vir advies van Ernst & Young, sê die SI-bedryf is in twee golwe deur die resessie getref. "Die eerste golf was negatief deurdat maatskappye hul IT-begroting verklein het sodat net projekte wat byna afgehandel was, voortgesit is. Ander is gekanselleer.

"Die tweede golf was voordelig omdat maatskappye wat sukkel net om te oorleef, besef het hulle het intydse inligting nodig oor wat in hul markte aan die gang is ten einde strategiese besluite te kan neem. Hulle kon dit dikwels nie doen nie en wou 'n SI-oplossing hê."

Maar baie maatskappye met SI-toepassings het besef dit word dikwels nie doeltreffend gebruik nie omdat dit in bloeiende ekonomiese toestande nie nodig gelyk het nie. Dit is in moeilike tye dat die ontleding van data baie belangrik word vir solvensie.

Hanan verduidelik: "Oor die afgelope 20 jaar het maatskappye alles gerekenariseer wat gerekenariseer kan word – maar dié data was beperk tot gebruik deur die IT-tegnici. Hulle het die portaal geword vir alle maatskappy-inligting vir almal in die maatskappy.

"Dit was nie maklik toeganklik vir die mense wat dit regtig nodig gehad het nie. Die belaglike situasie ontstaan dat 'n maatskappy se uitvoerende hoof sy sekretaresse moet vra om die inligting vir hom te kry omdat dit so tydrowend is om dit op te spoor. Met SI is inligting op die tafelrekenaar beskikbaar en maklik om te gebruik," sê hy.

Dit bring ons egter weer by die kwessie van opleiding, want dit is duidelik dat baie maatskappye dié gerief al lank het, maar hulle besef dit nie of benut dit nie ten volle nie. Dit het 'n resessie gekos om hulle dit te laat besef. Sommige top- uitvoerende amptenare kyk nou